

A vibrant rainbow arches across the top of the cover. Below it, a cartoon elephant with a pink hat and a red collar is shown from the chest up. It is holding a small yellow bird in its trunk. Several other small animals, including a mouse and a frog, are visible on the elephant's back. The background is a light brown with a pattern of small white triangles.

Graad 2

'n Grootboek met kort stories



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Boek

7

AFRIKAANS



Stories in hierdie boek:



1 Die diere onderneem 'n seevaart

1



2 Die wolf en die sewe bakkies

13



Hoe om hierdie Grootboek te gebruik:

U as onderwyser moet u voorberei om hierdie Grootboek tydens 'n gedeelde leesaktiwiteit aan die leerders bekend te stel. Gewoonlik werk die onderwyser tydens sulke aktiwiteite met die hele klas, maar indien u klas te groot is, behoort u eerder met 'n groep of 'n deel van die klas te werk. Maak seker dat al die leerders die Grootboek kan sien, sodat hulle die teks self sal kan lees. Tydens gedeelde leessessies leer die leerders hoe om:

- 'n boek te hanteer
- 'n boek vas te hou
- die bladsye om te blaai

Daarby word basiese begrippe - omslag, voorkant, agterkant en titel - vasgelê.

Die leesproses word ook gemodelleer, en die vaardighede wat die KABV voorskryf, word ontwikkel. Dit behels die volgende:

- die ontwikkeling van luister- en praatvaardighede
- die ontwikkeling van ontluikende leesvaardighede
- die ontwikkeling van dink- en redeneervaardighede deur die beantwoording van vrae oor die storie
- die ontwikkeling van skryfvaardighede deurdat gedeelde lees tot gedeelde skryf lei

Voorbereiding vir 'n gedeelde leessessie

- Maak seker dat al die leerders die boek kan sien. Indien u klas groot is, werk eerder met 'n kleiner groepie.
- Maak indien moontlik 'n boekstander, sodat u die boek nie hoef vas te hou terwyl u lees nie. (Kyk instruksies op die agterste buite-omslag.)
- Hou 'n liniaal of wyser byderhand, sodat woorde tydens lees gevolg sal kan word.
- Plak plakkertjies by woorde wat u wil uitlig, of gebruik 'n "towervenster". (Gebruik 'n reghoekige stuk papier en knip 'n kleiner reghoek in die middel uit om 'n raam te vorm. Plaas dit tydens die leessessie oor die teks sodat slegs een woord sigbaar is.)

Die eerste gedeelde leessessie

Die eerste sessie fokus op genot en 'n eerste "kyk" na die teks, terwyl die leerders 'n persoonlike reaksie op die teks toon.

- Blaai die storie wat gelees gaan word deur. Praat oor die illustrasies.
- Vra leerders om die storie op grond van die titel en die prente te voorspel.
- Stel nuwe of moeilike woorde bekend voordat die storie gelees word.
- Gebruik woordkaarte om nuwe woorde bekend te stel.
- Maak seker dat u gevoelvol lees, en varieer u stemtoon en tempo.
- Gebruik ook verskillende gebare en gesigsuitdrukkings.
- Gebruik 'n wyser of liniaal om woorde uit te wys terwyl u lees, sodat die leerders sien waar gelees word en die klanke met die simbole op die bladsy vereenselwig. Dit sal hulle ook help om die leesproses van links na regs en van bo na onder waar te neem.
- Stel boekterme soos "woord", "sin", "bladsy", "outeur", "titel" ensovoorts bekend.
- Moedig leerders aan om aan die storie deel te neem deur sekere frases hardop saam te sê (bv. "Hardloop maar so vinnig jy kan. Jy sal my nie vang nie, want ek's die gemmerbroodman!").

Die tweede gedeelde leessessie

- Verskuif die fokus na groter leesbetrokkenheid saam met die onderwyser en na die besprekings wat plaasvind.
- Bevorder woordeskat, begrip, dekoderingsvaardighede en teksstrukture (taal, leestekens, ensovoorts).
- Stel die kenmerke van die spesifieke teks (toneelstuk, niefiksie, fiksie, gedig) aan die leerders bekend.

Die derde gedeelde leessessie

- Die leerders behoort die teks nou self te lees en by mondelinge, praktiese en geskrewe aktiwiteite wat op die teks gebaseer is, betrokke te raak.
- Waar moontlik behoort die gedeelde lees te lei tot gedeelde skryf, waarby u modelleer hoe om teks te skryf en die leerders dit dan probeer doen, terwyl u as fasiliteerder optree. Hierdie modellering van die skryfproses berei die leerders voor om hulle eie skryftake aan te pak.

1 Die diere onderneem 'n seevaart





Eendag besluit 'n groep wilde diere, voëls en insekte van Afrika dat hulle die wêreld wil gaan verken. Hulle skaf toe 'n boot aan en vertrek op 'n seevaart.

Hulle geniet die eerste paar dae van hulle nuwe avontuur, maar toe raak hulle verveeld. Hulle begin onder mekaar baklei.

Hannes Houtkapper kry stry met
Daantjie Duif. Terwyl hulle in die
boot rondrol, pik die houtkapper per
ongeluk 'n gat in die boot se romp.

Water begin in die boot instroom.
Die gat word al groter en groter.
Al meer water stroom al vinniger in.



Die diere begin bekommerd raak dat die boot kan sink en dat hulle kan verdrink.

“Zoem, zoem, zoem,” sê Bessie die bytjie. “Kom ons werk saam om die gat toe te stop.”

Al die diere stem saam dat hulle moet saamwerk om die probleem op te los.



Intussen klap die voëls hulle vlerke om die boot uit die water te probeer lig, maar hulle is nie sterk genoeg nie.

Die olifant probeer ook help. Hy suig water uit die bodem van die boot op en spuit dit in die see terug.

Sjloep, sjor, sjloep, sjor!



Die bye, miere, muis en spinnekoppe
doen alles wat hulle kan om die gat
toe te stop.

Die spinnekoppe gebruik hulle
spindraad en die bye bring byewas en
heuning. Die muis sit alles bymekaar
om 'n prop vir die gat te probeer
maak, maar hulle kry nie die gat
toegestop nie.

Die water hou aan om in die boot in te
stroom. Die water in die boot word al
dieper.





Die diere begin nou baie bekommerd raak dat die boot gaan sink. Hulle raak bang dat hulle gaan verdrink!

Op daardie oomblik swem 'n klein vissie deur die gat. "Kan jy ons help, vissie?" vra die diere angstig.

"Ja, natuurlik," antwoord die vissie vrolik.

Dadelik swem die vissie om Walter Walvis te gaan haal. Walter haas hom na die boot toe. Hy druk sy groot lyf teen die gat en so keer hy dat meer water in die boot instroom.

Nou kan die diere die boot heelmaak.

"Hiep-hiep-hoera vir Walter Walvis!"
juig al die diere.




“Dankie, vissie, dankie, Walter Walvis,”
roep Koning Leeu. “Julle het ons
gered!”

Die diere is bly en opgewonde, want nou
kan hulle die seevaart voortsit.

“Dit is beter om saam te werk as om
alleen te probeer werk!” sê die diere vir
mekaar.

Saam verrig
ons meer!






'n Mammabok en haar sewe klein bokkies het baie diep in die bos gebly. Hulle kos het opgebraak en die mammabok het geweet sy moet kos in die bos gaan soek.



Mammabok: Kinders, Mamma gaan vir ons kos soek in die bos. Julle moet versigtig wees. Sluit die huis en moenie die deur vir enigiemand oopmaak nie – veral nie vir die wolf nie! Hy sal julle opeet. Julle sal die wolf aan sy growwe stem en sy swart pote herken.



Bokkies: Mamma hoef nie bekommerd te wees nie, ons sal mooi na onself kyk en ons sal nie die deur vir die wolf oopmaak nie.

Dit is nie lank nie, toe is daar 'n klop aan die deur.

Wolf: Liewe kinders, maak die deur oop, mamma is terug. Ek het heerlike kossies saamgebring vir julle om te eet.

Bokkies: Ons sal nie die deur oopmaak nie. Jy is nie ons mamma nie! Sy het 'n fyn, sagte stem. Jy is die nare ou wolf!

Die wolf hou nie daarvan om uitgevang te word nie. Hy gaan eet kalk om sy stem fyner en sagter te laat klink.

Wolf: Maak oop die deur, my liewe kinders, Mamma is terug.

Die wolf se stem klink nou fyner en sagter. Die bokkies is op die punt om die deur oop te maak toe hulle die wolf se swart pote deur die venster gewaar.



Bokkies: Ons sal nie die deur vir jou oopmaak nie! Ons mamma het nie swart pote nie. Jy is die nare ou wolf!

Teen hierdie tyd is die wolf baie honger en hoogs geïrriteerd. Hy druk sy pote in koekmeel, sodat hulle spierwit word. Toe gaan klop die nare ou wolf weer aan die deur.

Wolf: Bokkies, ek is terug. Maak asseblief die deur vir Mamma oop. Ek het baie kos vir julle gebring!

Bokkies: Wys eers vir ons Mamma se poot, dat ons seker kan maak dis Mamma.

Die nare ou wolf hou toe sy spierwit
poot voor die venster, sodat hulle dit
kan sien.



Bokkies: Goed, Mamma, ons sluit vir Mamma die deur oop.

Die bokkies sluit opgewonde die deur oop, maar toe sien hulle dit is die nare ou wolf! Hulle skrik hulle boeglam en raak vreesbevange.

Hulle probeer wegkruip. Een bokkie kruip onder die tafel in, 'n tweede een kruip binne-in die bed, 'n derde een kruip in die stoof weg, die vierde bokkie kruip in die kombuis weg, die vyfde bokkie kruip in die kas weg, die sesde bokkie kruip onder die wasbak weg en die sewende bokkie klim binne-in die staanhorlosie.

Die wolf kry ses van die bokkies
en sluk al ses bokkies heel in. Die
kleinste bokkie bly egter veilig in die
staanhorlosie.



Mammabok: Waar is julle, my kinders?

Kind 7: Mamma, hier is ek, binne-in die staanhorlosie. Die wolf het al my boeties en sussies ingesluk.

Mammabok is smookwaad. Sy hardloop rivier toe om die wolf te gaan soek. Sy kry hom onder die bome, waar hy heerlik lê en slaap. Mammabok gluur hom aan en sien sy pens beweeg.

Mammabok: Is dit moontlik dat my kinders steeds kan lewe? Bababokkie, gaan haal gou my skêr, naald en garing.

Mammabok slaan wolf bewusteloos
met 'n stomp en sny sy maag versigtig
oop. Een, twee, drie, vier, vyf, ses
spring haar kinders die een na die
ander uit die nare ou wolf se maag!

Bokkies: Hoera, ons lewe almal nog!

Mammabok: Kry elkeen gou 'n groot
klip en pak dit binne-in wolf se pens.


Saam pak hulle wolf se pens vol lippe.



Mammabok werk wolf se pens toe. Ná 'n rukkie herwin wolf sy bewussyn. Hy is verskriklik dors. Wolf leun vooroor om water te drink, maar o wee, sy swaar maag veroorsaak dat hy vooroor val, binne-in die rivier in. Met 'n gespartel kom hy uit die rivier uit. Terwyl hy sy swaar maag vashou, hinkepink hy padlangs om weg te kom. Dit is die laaste sien van die nare ou wolf.



Moet nooit vir vreemdelinge die deur oopmaak nie!



Dit is vir ons aangenaam om u aan die reeks Grootboeke bekend te stel. Hierdie Grootboek vorm deel van die groter Reënboogreeks, wat werkboeke, 'n bloemlesing, gegradeerde leesboeke en plakkate insluit. Ons hoop dat u die verskeidenheid stories wat by die agt Grootboeke vir hierdie graad ingesluit is, in u onderrig van waarde sal vind, en dat u leerders hulle gedeelde leeservaring sal geniet.

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir die Grondslagfase lig gedeelde lees as een van die belangrike komponente van die leesstrategie uit. Gedeelde lees vind gewoonlik twee tot vier dae per week plaas, en al die leerders lees dieselfde teks. Die Grootboeke en die gegradeerde leesboeke is vir hierdie doel geskik.

Die gebruik van 'n Grootboek met groot druk is egter uitstekend vir die doel van gedeelde lees, omdat die leerders die woorde en prente kan sien en die storie kan volg terwyl u lees, soos by tradisionele storievertelling. Dit is belangrik dat die leerders om die Grootboek moet sit, sodat hulle dit almal kan sien en die teks kan lees. Die groot druk van die Grootboeke maak dit vir u moontlik om hardop vir 'n groepie leerders in 'n ontspanne, nie-bedreigende atmosfeer voor te lees.

Die Grootboeke in hierdie reeks sal u leerders aan 'n verskeidenheid stories, rympies/gedigte en toneelstukke bekendstel, asook aan inligtings- en grafiese tekste.

Dit is u taak as onderwyser om die stories vir die leerders te laat lê en om die ervaring prettig en opwindend te maak. Die gebruik van die Grootboeke sal u in staat stel om die leeservaring te modelleer op 'n wyse wat sowel u as u leerders sal geniet. Ons hoop dat hierdie boek u sal help om juis dit te doen.




Maak u eie Grootboekstander

U benodig:

1. Karton van dieselfde breedte as 'n oop Grootboek (60 cm breed) en drie keer die lengte plus 10 cm vir 'n soom (136 cm)
2. Maskeerband
3. Twee knypers of pennetjies



- Vou 'n 10 cm-soom aan die bokant van die karton.
- Verdeel die lengte van die oorblywende karton in drie gelyke dele.
- Vou die karton in die vorm van 'n A-raam, sodat die soom met die ander punt van die karton oorsleutel.
- Plak die soom met maskeerband aan die ander punt van die karton vas soos in die illustrasie hieronder getoon.



Ander idees vir die gebruik van 'n Grootboek

- Gebruik 'n vel deursigtige plastiek as oorlegsels vir u Grootboek, sodat u en die leerders daarop kan skryf.
- Klem die deursigtige oorlegsels met 'n knyper aan die Grootboek vas.
- Gebruik 'n watergebaseerde pen met wasbare ink om op die oorlegsels te skryf.

ISBN 978-1-4315-2783-0



9 781431 527830



ISBN 978-1-4315-2783-0

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street, Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
First edition 2016

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

The Big Books in this series are available in all languages. They were developed by a team of UNISA Language and Education experts as part of their Community Engagement contribution to South Africa's education sector.

Author: V McKay

